ABULON HOLDINGS LTD.
Mariculture Projects

ABULON HOLDINGS Ltd

Reg No 1997/019771/06
(46 Shackelton Crescent, Kraaifontein, 7570) Tel: +27 21 439 5361 Fax: +27 21 439 5473 Fax to e-mail 086 617 9973
PO Box 6207, Roggebaai, 8012, South Africa www.abulon.net

12-11-2007

Aandeelhouers Omsigtigheids Kennisgewing

Dit is met teleurstelling dat ek alle aandeelhouers moet inlig dat ons maatskappy weereens bedreig word.
Soos genoem tydens ons vorige AJV en ook gerapporteer in my laaste verslag (gedateer 20-06-2007), het ons ‘n fungus op ons plaas. Hierdie fungus is ook op ander plase geïdentifiseer en dit wil voorkom asof dit oorwegend by die plase gevind word wat van hersirkulasie sisteme gebruik maak. Ons het die aangeleentheid geheel in die ope hanteer met beide die regering se beheerliggaam, Mariene & Kusbestuur (M&CM) asook die “Abalone Farmers Association of South Africa” (AFASA). Hulle is onmiddelik gewaarsku nadat ons die fungus ontdek het en ons het ‘n gedetaileerde plan ingedien hoe dit in bedwang gehou en beheer sou word.

Tot onlangs het ons geglo dat die maatreëls wat ons in plek gestel het M&CM se goedkeuring wegdra. In die laaste paar maande het ons egter agtergekom dat daar bewegings op tou was om uitermatige aksies te loods teen plase wat blootgestel is aan die fungus. Hierdie skuiwe het gebeur sonder openlike konsultasie met ons en boonop is alle pogings van ons kant af om met die owerhede in gesprek te tree sodat ons kon deelneem aan die proses om geskikte korrektiewe aksies te vind met weerstand begroet.

Gedurende Oktober het gerugte die rondte gedoen van ‘n brief onder die hand van die Minister van Omgewingsake en Toerisme wat dit duidelik maak dat alle plase wat die fungus het gedwing sal word om hul plase te ontvolk. Ons het dadelik ‘n vergdaering belê met die Direkteur Generaal van M&CM, Dr Monde Mayekiso, om meer uit te vind rondom die “brief”, wat dit sou bevat en of ons ten minste ‘n regverdige aanhoring gegun sou word. Gedurende die vergadering op die 2de Oktober 2007 het die DG ons meegedeel dat hy nie bewus was van so ‘n brief nie.

Op 8 November 2007 het ons die juiste brief ontvang wat kortliks meld dat wanneer ‘n fungus ontdek is op ‘n plaas, as ‘n voorsorgmaatreël, alle perlemoen verkoop of mee weggedoen moet word en dat die hele stelsel op die plaas gedisinfekteer en braak gelê moet word vir ‘n tydperk van 6 weke.

Sodanige ontvolking van die plaas sal effektief die einde van ons plaas beteken en die beëindiging van die besigheid van Abulon Holdings. Alhoewel ons sekere waarde kan herwin uit die verkope van ons perlemoen sal ons nie daartoe instaat wees om die koste van ‘n herbevolkingsprogram te oorleef nie en ook nie die gepaardgaande operasionele kostes om ‘n nuut bevolkte plaas te bedryf nie. Ons sou in alle waarkynlikheid geforseer word om die maatskappy te likwideer.

Directors: M. R. Dale (Chairman), C. A. Neveling (MD), D. L. Huth
Company Secretary: J.P. Human

Die presiese aard van die fungus is steeds nie geïdentifiseer nie en ons het bewys dat met behoorlike sorg en kontrole die verspreiding en impak daarvan beheer kan word. Ons ontken nie die feit dat hierdie fungus beheer moet word en dat enige moontlike impak op beide ons plaas of die industrie in bedwang gehou en tot ‘n minimum beperk moet word nie. Ons verskil egter heftig met die drastiese stappe aanbeveel deur Anna Mouton, wat nou ook onderskryf word deur die regering as die enigste pad vorentoe. Verdere spesialis opinie word aangevra ten einde verdere lig op die presiese aard van die fungus te werp. Gebaseer op die huidige vlak van kennis rakende die fungus en die ondervinding opgedoen gedurende die afgelope 2 jaar, glo ons dat hierdie fungus onder beheer is. Om die industrie te beskerm deur grootskaalse ontvolking op hierdie tydstip, is onnodig en daar is ‘n werkbare alternatiewe.

Ons het regs vertoë gerig tot die Minister en sal ontvolking teenstaan met alle middele tot ons beskikking. Indien enige aandeelhouer in ‘n posisie is om bystand te verleen aan die Maatskappy in dié verband, hetsy op ‘n tegniese, wetlike of ander gebied, skakel asseblief vir Dexter Roniger (083-680-1202), Chris Neveling (083-313-9545) of myself (083-327-1770).

Hierdie saak is openbaargemaak aan ons ouditeure Jackson Neethling, en sal ten volle bespreek word tydens die AJV. Enigiemand wat wens om meer agtergrond inligting te verkry is welkom om Dexter Roniger, ons Algemene Bestuurder, te skakel by 083-680-1202.

Mark Dale
Voorsitter